

vertrek. Die res van die afdeling velddiens het drie dae later gevolg.¹³⁰ Na 'n lang reis van twee dae het hulle by die hooflaer van kommandant-generaal Piet Joubert aangekom. By Zandspruit was daar toe reeds sewe kampe van verskillende burgerkommando's en van die Staatsartillerie.¹³¹ Engelenburg het reeds die oggend van 3 Oktober per trein vertrek, gewapen, maar ook met pen in die hand. Later daardie oggend, om 11:45, het hy in Volksrust aan Marie Koopmans-De Wet 'n telegram gestuur met die bewoording:

Op commando uitgegaan wees hartelik gegroet alsook miss Margaret.¹³²

Hy het dieselfde dag die Pretoria-laer besoek en die volgende dag daaroor in *De Volksstem* berig:

Heden morgen bracht ik een bezoek aan het Pretoria lager en trof vele dorpsvrienden aan die gister per trein gekomen zijn.¹³³

Aan die oorlogsfront

Die tyd op Zandspruit is deurgebring met oefeninge, want al die lede van die Hollanderkorps was nog nie heeltemal tuis met 'n geweer of op 'n perd nie.¹³⁴ Verveling was gou algemeen en die oorywerige Nederlanders het begin kla dat dit onverstandig en lafhartig van die regering was dat hulle nog nie oorlog verklaar het nie.¹³⁵ Op 9 Oktober 1899 het die Transvaalse regering 'n ultimatum aan Groot-Brittanje gerig.¹³⁶ Die tyding van die ultimatum is met vreugde en geesdrif deur veral die Hollanderkorps begroet.¹³⁷ In die ultimatum is onder andere geëis dat die verskille tussen die twee state vriendskaplik deur arbitrasie besleg word; dat die Britse troepe aan die grense onmiddellik onttrek word; dat alle troepeversterkings wat sedert 1 Junie 1899 in Suid-Afrika aangekom het, binne redelike tyd verwyder word; en dat die troepe wat reeds na Suid-Afrika onderweg was, by geen hawe aan wal gaan nie.¹³⁸

¹³⁰ C. Plokhooij, *Met den Mauser: persoonlike ervaringen in den Zuid-Afrikaansche Oorlog*, p. 4.

¹³¹ F.V. Engelenburg, "De Pretoria-mensen", *De Volksstem*, 04.10.1899.

¹³² NASA, Kaapstad, F.S. Malanversameling, A583, vol. 86, F.V. Engelenburg - M.M. Koopmans-De Wet, 03.10.1899. Telegram.

¹³³ F.V. Engelenburg, "De Pretoria-mensen", *De Volksstem*, 04.10.1899.

¹³⁴ C. Plokhooij, *Met den Mauser: persoonlike ervaringen in den Zuid-Afrikaansche Oorlog*, p. 5.

¹³⁵ C. Plokhooij, *Met den Mauser: persoonlike ervaringen in den Zuid-Afrikaansche Oorlog*, pp. 1, 2, 5.

¹³⁶ J.C.G. Kemp, *Die pad van die veroweraar*, pp. 180-184.

¹³⁷ C. Plokhooij, *Met den Mauser: persoonlike ervaringen in den Zuid-Afrikaansche Oorlog*, p. 5.

¹³⁸ J.C.G. Kemp, *Die pad van die veroweraar*, pp. 180-184. Sien ook S.J.P. Kruger (F. Rempel (red.)), *Gedenkschriften van Paul Kruger gedigteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler*, pp. 198-199.



Illustrasie 32: Bo en onder: Perde van die Hollanderkorps word begin Oktober 1899 in veetrokke by Pretoria-stasie gelaai. Bron: Foto-argief, NZAV, Amsterdam. C.D. van Lent-fotoversameling.

Die Britse regering het die voorwaardes as onaanvaarbaar beskou en gevolglik het Brittanje en Transvaal met ingang van 11 Oktober 1899 in 'n staat van oorlog verkeer.¹³⁹ Die Vrystaat het, ingevolge sy verdrag, Transvaal se oorlogspoging gesteun.¹⁴⁰ Dit moet Engelenburg egter tot eer strek dat hy, deur middel van sy blad, alles in sy vermoë gedoen het om oorlog te vermy. Daar was egter geen ander uitweg nie. Nadat die Kruger-regering oorlog verklaar het, het Engelenburg hom daarin berus en *De Volksstem* se lesers aangemoedig om gereed te maak, want

[d]e oorlog is dan verklaard en de uiteindelijke oplossing, hoe vreeselijk dan ook, heeft een gevoel van verlichting gebracht.¹⁴¹

Saam met die krygsmag van generaal J.H.M. Kock (1835-1899) het 'n gedeelte van die Hollanderkorps op 13 Oktober Natal binnegeval en Charlestown en Newcastle beset. Teen dié tyd het die Hollanderkorps uit ongeveer 115 ruiters bestaan. Op Dinsdag 16 Oktober 1899 was Engelenburg nog op Newcastle. Hy het in die Bridge Hotel tuisgegaan en daardie aand het sy ete bestaan uit groenertjiesop, gestoofde skaapskenkels, koue bief, pannekoek en korentekoek.¹⁴² In die buitengewone uitgawe van *De Volksstem* op 16 Oktober het Engelenburg geskryf dat 'n berig per heliograaf ontvang is dat kommandant S.P. Erasmus met 'n kommando perderuiters in Newcastle aangekom het. Daar het in die Biggarsberg 2 000 Britse soldate gelê, wat egter nie 'n aanval gewaag het nie. Newcastle is sonder teenstand deur die Boere ingeneem. Die stasie te Charlestown is ook oorgeneem en by die telegraafkantoor het die Transvaalse vlag gewapper.¹⁴³

Dieselfde dag het die regering besluit om die inhoud van al die winkels in Transvaal wat toegesluit was en waarvan die eienaars die stad of land verlaat het, oor te neem en onder toesig van 'n kommissie te plaas. Die winkels is oopgebreek en 'n kwitansie uitgereik vir die goedere

¹³⁹ S.J.P. Kruger (F. Rempel (red.)), *Gedenkschriften van Paul Kruger gedigteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler*, p. 199.

¹⁴⁰ NASA, Pretoria, ZAR, vol. 90, Amptelike Publikasies van die ZAR, Traktate van vriendskap en handel gesluit tussen die ZAR en die Oranje-Vrystaat 1889-1899. Sien ook S.P.J. Kruger (F. Rempel (red.)), *Gedenkschriften van Paul Kruger gedigteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler*, pp. 167-168, 191, 206.

¹⁴¹ Redaksionele kommentaar, "De ultimatum", *De Volksstem*, 12.10.1899.

¹⁴² Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Faktuur van die Bridge Hotel, 16.10.1899.

¹⁴³ F.V. Engelenburg, "De Engelsen in de Biggarsberg", *Buitengewone uitgawe 'De Volksstem'*, 16.10.1899.

wat geneem is, waarna die winkels weer verseël is. Die regering het onderneem om die eienaars ná die oorlog daarvoor te vergoed.¹⁴⁴ Onder druk van Brittanje is daar op 14 Oktober 1899, drie dae ná die uitbreek van die ABO, 'n geheime Anglo-Portugese verdrag onderteken. Daarvolgens het die Britse regering en Portugal onderneem om nie mekaar se vyande te help nie en was Brittanje verplig om Portugal en sy kolonies te beskerm. Die Portugese regering het op sy beurt onderneem om vir die duur van die oorlog nie die deurvoer van krygsmateriaal na die ZAR via Mosambiek toe te laat of sy neutraliteit bekend te maak nie. Die verdrag het die ZAR van buitelandse hulp afgesny en Kruger se ideaal van 'n vrye toegang tot die see, vry van Britse invloed, finaal verydel.¹⁴⁵

Op 20 Oktober het generaal Kock se mag, waaronder ook die Hollanderkorps en die Duitse korps, ongeveer 800 man altesaam, te Elandslaagte stelling ingeneem. Die volgende dag is die Boerestellings deur 'n groot Britse krygsmag onder generaal sir John French aangeval en verslaan.¹⁴⁶ Hierdie veldslag, wat as die Slag van Elandslaagte (Saterdag 21 Oktober 1899) bekend geword het, het 'n einde aan die Hollanderkorps se kortstondige bestaan gemaak. H.J. Coster, C.G. de Jonge en nog ses manskappe het gesneuwel, 20 is gewond, 35 krygsgevangene geneem en twee was vermis.¹⁴⁷ Engelenburg het die slag in die spesiale uitgawe van *De Volksstem* beskryf. Aan die einde van die berig het hy geskryf: “Om zes uur heb ik het gevecht verlaten”.¹⁴⁸ Getrou aan die Europese tradisie van “veg tot die laaste man” het die Hollanderkorps pal bly staan in die aangesig van 'n oormag. Ná die Slag van Elandslaagte is die Hollanderkorps ontbind en het sy lede by Boerekommando's aangesluit.¹⁴⁹ As krygers in 'n

¹⁴⁴ NASA, Pretoria, LA, vol. 681, deel I, Uitvoerende Raadsbesluit, art. 950, 16.10.1899.

¹⁴⁵ P. Edwards, *Die Zuid-Afrikaansche Republiek en Groot-Brittanje se stryd om Delagoabaai, 1889-1899*, p. 335.

¹⁴⁶ Redaksionele kommentaar, *De Volksstem*, “De Slag bij Elandslaagte”, 22.10.1899. Sien ook T. Pakenham (vertaal deur L. Rousseau), *Die Boere-oorlog*, pp. 141-149.

¹⁴⁷ NASA, Pretoria, ZAR, vol. 90, Amptelike Publikasies van die ZAR, *Buitengewone Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, pp. 1720-1721, 18.11.1899. Sien ook W.H. Lohman, “Dr. H.J. Coster” in *De Volksstem*, 27.10.1899; Anon., “Hollander Korps”, *Buitengewone Uitgave van 'De Volksstem'*, 03.11.1899.

¹⁴⁸ F.V. Engelenburg, “De slag bij Edanslaagte”, *Speciale Editie van De Volksstem*, 22.10.1899. In Elandslaagte word die ‘l’ deur ‘n’ ‘d’ vervang, en die ‘d’ voor die ‘s’ word weggelaat, waarskynlik weens ‘n gebrek aan genoeg letters.

¹⁴⁹ C. Plokhooij, *Met den Mauser: persoonlijke ervaringen in den Zuid-Afrikaansche Oorlog*, p. 33.

afsonderlike eenheid was die Nederlanders te onervare en te oormoedig en nie vertrouwd met die Boere se besondere wyse van oorlogvoering nie.¹⁵⁰

Engelenburg en die velduitgawe van *De Volksstem*

Engelenburg het gemeen dat hy beter dienste aan die saak van die Republiek kon bewys deur 'n velduitgawe van sy blad die lig te laat sien om die burgers ingelig te hou van wat op die verskillende fronte aangaan. Hy het 'n versoek gerig dat hy so 'n blad mag uitgee en met die nodige toestemming het hy kort daarna 'n telegram na Pretoria gestuur:

Generaal Joubert keurt uitgawe veldtocht 'Volksstem' goed. Stuur ons nodige materiaal alsook personeel want hier geen zetter en drukker by de hand. Plaats ook schrijftafel in wagon. En vraag mij, benodig verdere instructies. – w.g. Dr. F.V. Engelenburg.¹⁵¹

Die velduitgawe het hy genoem: *De Volksstem – Veldtocht-Editie* en onderaan die titel die ZAR se leuse, “Eendracht Maakt Macht”. In 'n spoorwegtrok van die NZASM, trok 20270, is 'n drukkerij van Pretoria na Glencoe gestuur en in die trok het Engelenburg in Natal 'n daaglikse uitgawe uitgegee.¹⁵² Voortaan het Engelenburg 'n moeilike taak gehad om te vervul, naamlik om die moreel van die volk hoog te hou. In die uitvoering van laasgenoemde selfopgeleide opdrag het Engelenburg getoon dat hy die siel en karakter van die Boer verstaan het. Hy het hulle lief en leed gedeel en geleer om die temperament van die Boer te begryp. Vertroue op God en geloof in die regverdigheid van die saak waarvoor geveg word, was sy slagspreuk.¹⁵³ In sy pogings om die moreel van die burgers hoog te hou het Engelenburg die verloop van die oorlog besonder optimisties geskilder, al het dit soms moeilik gegaan. Sommige het hom sy optimisme kwalik geneem.¹⁵⁴ Sy gees van vertroue het hy egter behou. Selfs in die donker dae toe generaal Piet Cronjé (1836-1911) aan die einde van Februarie 1900 hom met 4 000 burgers by Paardeberg in Wes-Vrystaat aan lord Roberts oorgegee het, het hy nog die burgers toegeroep:

¹⁵⁰ C. Plokhooij, *Met den Mauser: persoonlijke ervaringen in den Zuid-Afrikaansche Oorlog*, p. 32.

¹⁵¹ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, telegram wat op 21 Oktober 1899 van Elandslaagte aan *De Volksstem*-kantoor in Pretoria gestuur is.

¹⁵² *De Volksstem – Veldtocht-Editie* het van 27 Oktober 1899 tot met die inname van Pretoria verskyn.

¹⁵³ Redaksionele kommentaar, “In de ure van gevaar”, *De Volksstem*, 05.03.1900; Redaksionele kommentaar, “Bange dagen voorbij”, *De Volksstem*, 06.01.1900. Sien ook P.G. Badenhorst, *Die geskiedenis van 'De Volksstem'*, 1873-1900, p. 58.

¹⁵⁴ Redaksionele kommentaar, “De lendenen omgord”, *De Volksstem*, 21.02.1900.

Despereert niet! Houd moed! Blijft op God vertrouwen!¹⁵⁵

In die velduitgawe het Engelenburg oorlogsnuus aan die burgers in die veld bekendgemaak, terwyl hy die gewone uitgawe van sy koerant van nuus aangaande die slagvelde aan die gemeenskap in die dorpe voorsien het. Hy het steeds as korrespondent van oorsese nuusagentskappe, onder andere Havas, en van verskeie Europese blaaie opgetree.¹⁵⁶ Dit het aansluiting gevind by sy Europese gerigtheid, want reeds voor die oorlog het hy 'n weekblad in Frans, *La Semaine* [Die Week], uitgegee om simpatie vir die Boeresak te wen.¹⁵⁷

Die eerste uitgawe van die velduitgawe van *De Volksstem* het op 27 Oktober 1899 die lig gesien. Engelenburg was die redakteur en J. Hansmeier die setter en drukker.¹⁵⁸ Van die eerste uitgawe is 325 eksemplare op 'n trap-pers in Glencoe gedruk. Noemenswaardig is ook dat die eerste uitgawe, as gevolg van papierskaarste, op aansoekvorms (*Application for Privilege Ticket*) van die Natalse Staatspoorweë gedruk is.¹⁵⁹ Gedurende die Anglo-Boereoorlog is gemiddeld 800 *Veldtocht-Edities* daagliks onder die veggende burgers versprei.¹⁶⁰ Die sewende nommer van die *Veldtocht-Edisie*-blaaie is op Vrydag 10 November 1899 op Elandslaagte gedruk.¹⁶¹ Die berigte waarin Engelenburg die gevegte by Elandslaagte en Colenso beskryf het, was feitelik.¹⁶² Om aan die kommando's die gevraagde getal van 800 gratis daaglikse eksemplare te lewer en op ander wyse die oorlogspoging te steun het Izaak Wallach en T.J. Tresling namens Engelenburg per

¹⁵⁵ Redaksionele kommentaar, "Bange dagen voorbij", *De Volksstem*, 06.01.1900; Redaksionele kommentaar, "In de ure van gevaar", *De Volksstem*, 05.03.1900.

¹⁵⁶ C.L. Leipoldt, "Dr. F.V. Engelenburg – knap joernalis en geleerde – raadsman van Kruger en Botha" in *Die Huisgenoot*, 09.09.1938, p. 21.

¹⁵⁷ H.C. de Kock, "Frans Vredenburg Engelenburg (1863-1938)" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, pp. 22-23.

¹⁵⁸ *De Volksstem – Veldtocht-Edisie*, 27.10.1899.

¹⁵⁹ J. Ploeger en H. Orban, *Besonderhede in verband met De Volksstem en Wallachs' Drukkers en Uitgewers Maatskappy Beperk (1873-1960)*, p. 19.

¹⁶⁰ NASA, Pretoria, TAB, SS, 8306, R2542, I. Wallach en T.J. Tresling namens F.V. Engelenburg – Staatsekretaris, 11.12.1899.

¹⁶¹ *De Volksstem, Veldtocht-Edisie*, Elandslaagte, 10.11.1899.

¹⁶² F.V. Engelenburg, *Speciale Edisie van De Volksstem*: "De Slag bij Edanslaagte", 22.10.1899; F.V. Engelenburg, "De Engelsen gebruiken dum-dum kogels", 22.10.1899; *De Volksstem – Veldtocht-Edisie*: "Colenso, Vrijdag", 01.12.1899.

brief by die ZAR-regering om 'n lening van £500 aansoek gedoen.¹⁶³ Die regering het die bedrag toegestaan, maar het borgstelling vir die bedrag verlang voordat hulle die geld uitbetaal, waarna Engelenburg toestemming gevra het dat die geld sonder borg toegestaan word:

In deze tyden is het voor my niet alleen moeilijk, maar ook onraadzaam om een 'outsider' te verzoeken borg te worden voor myne trans-actie met de H. Ed. Regering.¹⁶⁴

Die bedrag is daarna volgens 'n Uitvoerende Raadsbesluit sonder borgstelling en teen 6% rente vir ses maande beskikbaar gestel.¹⁶⁵ Hierdie lening was deel van die regering se beleid om jaarliks goedgesinde koerante in die ZAR te subsidieer. Reeds op 14 November 1899 het die staatsekretaris vir die 1900-begroting 'n totale bedrag van £5 390 aan goedgesinde koerante aanbeveel, waarvan *De Volksstem* en *The Standard and Digger's News* elk £1 100 moes ontvang. Die ouditeur- en tesourier-generaal het daarna aanbeveel dat *De Volksstem* en *The Standard and Digger's News* se toelae vir 1900 bykans verdubbel word tot £2 000 elk. Hy het aanbeveel dat die ander koerante se toelae bly soos dit was.¹⁶⁶ Op 15 Januarie 1900 is die aanbeveling goedgekeur¹⁶⁷ en is Engelenburg per brief van die besluit in kennis gestel.¹⁶⁸ Engelenburg en Izaak Wallach het per brief beloof om ná ses maande gesamentlik en afsonderlik die geld aan die regering terug te betaal.¹⁶⁹ Hulle moes per kontrak onderneem om sekere regeringskennisgewings te publiseer.¹⁷⁰ Verder het die regering ook toestemming aan P.W.T. Bell, direkteur van die staatsdrukkery, verleen vir die druk van die *Mail News*, 'n spesiale bylaag van *De Volksstem*, na aanleiding van 'n brief wat Bell op 24 November 1899 aan die staatsekretaris gerig het. Bell het geskryf dat die redaksie van *De Volksstem* hom meegedeel het dat hulle 'n aantal koerante ontvang het met belangrike inligting omtrent die landsomstandighede wat die publiek so gou moontlik moes bereik. Die redaksie van *De Volksstem* was van plan om

¹⁶³ NASA, Pretoria, TAB, SS, 8306, R2542, I. Wallach en T.J. Tresling namens F.V. Engelenburg – Staatsekretaris, 11.12.1899.

¹⁶⁴ NASA, Pretoria, TAB, SS, 8306, R2542, F.V. Engelenburg – Staatsekretaris, 10.01.1900.

¹⁶⁵ NASA, Pretoria, TAB, SS, 8306, Uitvoerende Raadsbesluit, R2542/99X, 21.12.1899.

¹⁶⁶ NASA, Pretoria, TAB, SS, 8131, 14.01.1900. Aanbeveling deur ouditeur- en tesourier-generaal.

¹⁶⁷ NASA, Pretoria, TAB, Argief van die Meester van die Hooggeregshof (MHG), 54/00 in SS 8131, R15558/99, 15.01.1900. Besluit deur die meester van die hooggeregshof.

¹⁶⁸ NASA, Pretoria, TAB, SS 8131, BB 117/00, Staatsekretaris – F.V. Engelenburg, 15.01.1900.

¹⁶⁹ NASA, Pretoria, TAB, SS, 8306, R2542, F.V. Engelenburg en I. Wallach – Staatsekretaris, 16.01.1900.

¹⁷⁰ NASA, Pretoria, TAB, SS, 8131, R15558/99, R15558/99, I. Wallach – Staatsekretaris.

daardie middag 'n byvoegsel uit te gee met uittreksels uit verskillende Europese koerante waarin die buitelandse opinie oor die omstandighede in Suid-Afrika weergegee word.

Aangesien die redaksie oor slegs 'n klein personeel beskik het, is Bell se hulp ingeroep om behulpsaam te wees met die uitgee van voormelde byvoegsel. Bell het voorlopig sy hulp aan *De Volksstem* aangebied, met voorbehoud dat die regering hom toestemming verleen.¹⁷¹ In November 1899, ongeveer ses weke ná die uitbreek van die oorlog, is 'n reusagtige hoeveelheid papier van “onze overlede collega *de Star* en *Leader*” opgekommandeer en aan *De Volksstem* en die Johannesburgse koerante wat nog bestaan het, uitgedeel.¹⁷²

Die joernalistieke waarde van *De Volksstem* gedurende die oorlog is later deur eietydse skrywers – veral deur W.S. Churchill (1874-1964) en R.H. Davis (1864-1916) – ontleed. Volgens hulle was baie min, indien enigiets, wat gedurende die oorlog in *De Volksstem* gepubliseer is, akkuraat.¹⁷³ Engelenburg is ook beskuldig van partydige nuusdekking.¹⁷⁴ In sekere mate was die kritiek gegrond. Engelenburg het nie 'n geheim daarvan gemaak dat sy koerant die mondstuk van die Kruger-regering was nie.¹⁷⁵ *De Volksstem* was nie slegs 'n belangrike kommunikasiemiddel wat nuus aan sy lesers verskaf het nie, maar as gevolg van die standpunt wat hy gereflekteer het, was dit ook 'n propagandamiddel vir die regering. Engelenburg het sy lesers verseker dat *De Volksstem* betroubare nuus sou verskaf, maar bygevoeg dat die koerant sou optree in diens van die regering.¹⁷⁶ Hy het ook deur middel van die velduitgawe die manskappe aangespoor om moed te hou.

¹⁷¹ NASA, Pretoria, TAB, SS, 8291, R1898/99, P.W.T. Bell – Staatsekretaris, 24.11.1899.

¹⁷² F.V. Engelenburg, “Onze overlede collega ‘de Star’ en ‘Leader’”, *De Volksstem – Veldtocht-Editie*, 23.11.1899.

¹⁷³ W.S. Churchill, *London to Ladysmith via Pretoria*, p. 155. Sien ook R.H. Davis, *With both armies in South Africa*, p. 168.

¹⁷⁴ W.S. Churchill, *London to Ladysmith via Pretoria*, p. 155. Sien ook R.H. Davis, *With both armies in South Africa*, p. 168.

¹⁷⁵ Redaksionele kommentaar, “Is het genoeg?” *De Volksstem*, 16.09.1899.

¹⁷⁶ Redaksionele kommentaar, “Is het genoeg?” *De Volksstem*, 16.09.1899.



Illustrasie 33: Mense besig om oorlogsnuus te lees voor die *De Volksstem*-kantore op die hoek van Pretoriusstraat en Matthysenlaan (nou Volkstemlaan), Pretoria.
Bron: Stadsbiblioteek, Pretoria, Pretoriana-fotoversameling, no. 1324.

Moge elk man onverpoosd zijn plicht met ernst en lust betrachten, opdat het doel bereikt worde waarnaar het ganse volk gestreefd heeft en waarvoor duizenden mensen dagelijks bidden.¹⁷⁷

Volgens Engelenburg sou dit sielsverheffend wees om vir die vaderland te ly en te stry. Die wêreld se oë was op die Boere gevestig en met intense aandag het die ganse beskaafde mensheid die ZAR se krygsdade gevolg.

Laat ons de lendenen omgord houden, opdat een eervolle vrede ons deel worde.¹⁷⁸

Die meriete van *De Volksstem* se joernalistieke akkuraatheid gedurende die oorlog kon miskien in twyfel getrek word, maar die invloed van dié koerant en die belangrikheid daarvan in die lewe van die mense van Pretoria was onteenseglik. Die kantore van *De Volksstem* in Pretoriusstraat was tot 4 Junie 1900¹⁷⁹ die middelpunt van die dorp se aandag, want baie inwoners het daaglik daar vergader om die nuutste oorlogsnuus te bespreek en die lyste, wat in die voorste vensters van die gebou aangebring was, van gesneuwelde, gewonde en gevange Boere na te gaan.¹⁸⁰

Engelenburg se niejoernalistieke bedrywighede aan die oorlogsfront

Om die lewe vir die burgers in die veld 'n bietjie gemakliker te maak, het Engelenburg 'n tabakfonds gestig om hulle van tabak te voorsien.¹⁸¹ Hy was self ook lief vir sy tabak. Die algemene reaksie was baie goed en selfs president Paul Kruger het £10 uit sy eie beursie bygedra. Heelwat winkeleienaars het ook geld geskenk en een winkelier het 1 000 lb (± 450 kg) tabak belowe. Op 23 November 1899 het die fonds reeds op £347 gestaan en is 'n groot versending pype, tabak en vuurhoutjies na die Natalse front gestuur.¹⁸² Ander firmas wat tot in

¹⁷⁷ F.V. Engelenburg, "Houdt Moed!", *De Volksstem – Veldtocht-Editie*, Elandslaagte, Donderdag 07.12.1899.

¹⁷⁸ F.V. Engelenburg, "Houdt Moed!", *De Volksstem – Veldtocht-Editie*, Elandslaagte, Donderdag 07.12.1899.

¹⁷⁹ Die dag voordat Pretoria deur die Britte ingeneem is.

¹⁸⁰ J.M. Schoeman, Koerantberiggewing oor die krisisdag 25 September tot 20 Oktober 1899: 'n kritiese metodologiese analise, p. 222.

¹⁸¹ F.V. Engelenburg, "Ons tabak-fonds", *Buitengewone uitgawe van De Volksstem*, 31.10.1899.

¹⁸² Anon., "Allerlei", *De Volksstem – Veldtocht-Editie*, Elandslaagte, Natal, 23.11.1899.

Mei 1900 bygedra het, was Van Erkoms en Lewis & Marks.¹⁸³ Die burgers was baie bly oor die ekstra tabak. N.J. Pretorius het 'n persoonlike brief van dank aan Engelenburg gestuur.¹⁸⁴

Engelenburg was meer direk by die oorlog betrokke, nie net as 'n oorlogskorrespondent nie. Gedurende een van die moeilike dae in die veld moes hy 'n boodskap van kommandant Joachim Ferreira aan generaal Louis Botha (1862-1919)¹⁸⁵ oordra. Laasgenoemde het met 'n groot laer die Helpmekaarpad aan die oostekant van Colenso bewaak. Ferreira het 'n gedeelte van sy burgers vir die Colenso-posisie as versterking aangebied. Nadat Engelenburg 'n lang ruk te perd na Botha gesoek het, het hy hom onder 'n boom gekry, besig om krygsraad te hou. In reaksie op die boodskap het Botha met 'n kragtige stem vol oortuiging verklaar dat hy nie nog burgers nodig gehad het nie. Solank elkeen sy plig doen, sou die vyand gestuit kon word.¹⁸⁶

Delagoabaai tydens die oorlog

Die Britse vloot het vanuit die staanspoor van die oorlog die kus van Mosambiek gepatrolleer en skepe vir oorlogskontrabande deursoek. Hulle het ook staat gemaak op die Portugese belofte om vir die duur van die oorlog geen wapens deur Delagoabaai te laat invoer nie. Daarbenewens het Portugal toestemming verleen dat Britse amptenare Portugese doeanebeamptes in Delagoabaai bystaan om die smokkel van kontrabande vir die Boere teen te werk.¹⁸⁷ Volgens Oskar Hintrager¹⁸⁸ is die goedere wat gekonfiskeer is, in die tolhuis geberg en het hy opgemerk dat die

¹⁸³ F.V. Engelenburg, "Ons tabakfonds", *Buitengewone uitgawe van De Volksstem*, 04.05.1900.

¹⁸⁴ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 22, sublêer 64, N.J. Pretorius – F.V. Engelenburg, datum onbekend.

¹⁸⁵ Louis Botha is in die voorjaar van 1897 tot Volksraadslid in die ZAR verkies. Hy het die distrik Vryheid verteenwoordig. Engelenburg het hom vir die eerste keer ontmoet toe hy na Pretoria vir die Volksraadsittinge opgekom het. Engelenburg het 'n groot bewondering vir Botha gekoester wat later in 'n lewenslange vriendskap ontwikkel het.

¹⁸⁶ F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, pp. 30-33.

¹⁸⁷ J.J. Oberholster (red.), "Dagboek van Oskar Hintrager: saam met Christiaan de Wet Mei – September 1900" in *Christiaan de Wet-Annale*, 2, 1973, p. 135.

¹⁸⁸ Oskar Hintrager het 'n doktorsgraad in regsgeleerdheid in Duitsland behaal. Met die uitbreek van die ABO is hy ook beetgepak deur die geesdrif wat in Duitsland geheers het vir die onafhanklikheidsstryd van die Boere. Hy het besluit om as vrywilliger aan die oorlog te gaan deelneem. Sy belangstelling in die Boererepublieke is sonder twyfel ook geprikkel deur sy suster, wat sedert 1896 in die ZAR op 'n plaas onderwys gegee het. Kyk J.J. Oberholster (red.), "Dagboek van Oskar Hintrager: saam met Christiaan de Wet Mei – September 1900" in *Christiaan de Wet-Annale*, 2, 1973, pp. 5-6.



Illustrasie 34: Generaal Louis Botha. Bron: www.sahistory.org.za, (geraadpleeg op 22.10.2013).

Britse konsul in Mosambiek soveel moontlik van die goedere gekoop en na Durban gestuur het, vermoedelik vir die Engelse troepe daar.¹⁸⁹

Hoewel die Portugese regering belooft het om Brittanje gedurende die oorlog te help, was die plaaslike bevolking in Mosambiek die Boere goedgesind en was duidelik teësinning om die Britte by te staan. Hulle het toegelaat dat allerlei goedere deur Delagoabaai die ZAR bereik. Talle vreemdelingsvrywilligers wat aan Boerekant wou veg, het in Delagoabaai voet aan wal gesit en ongehinderd en met die medewete van die Portugese amptenare na Pretoria gereis.¹⁹⁰ Op hierdie wyse het kolonel De Villebois-Mareuil (1847-1900) daarin geslaag om Pretoria in November 1899 te bereik en sy dienste aan te bied. De Villebois-Mareuil was voorheen kommandant in die Franse leër en gedryf deur simpatie vir die Boere en deur bemiddeling van dr. Leyds het hy na die ZAR gekom.¹⁹¹ Die regering het hom na Natal gestuur, waar die beleg van Ladysmith 'n aanvang geneem het. Hy het nie, soos sommige Europese dagblaaie beweer het, as bevelvoerende offisier opgetree nie, maar wou hom vertrouwd maak met die plaaslike toestande en die Suid-Afrikaanse gevegsmetodes.¹⁹² Op 13 Desember het hy op die terrein aangekom, waar hy en sy geselskap naby die telegraaf op die oewer van die Tugelarivier kamp opgeslaan het. Hy het wel advies aan kommandant-generaal Piet Joubert en generaals Louis Botha en Burger gegee wanneer hy daarom gevra is.¹⁹³ Die dag nadat hy by Colenso aangekom het, het hy generaal Botha en Engelenburg ontmoet. Daardie aand, 14 Desember, het hy twee doktors vir ete genooi. Een van hulle was Engelenburg. Luitenant Ernest Galopaud het die ete voorberei.¹⁹⁴ Engelenburg en De Villebois-Mareuil het daarna heelwat tyd in mekaar se geselskap deurgebring, sekerlik om die oorlogssituasie te bespreek.

¹⁸⁹ J.J. Oberholster (red.), “Dagboek van Oskar Hintrager: saam met Christiaan de Wet Mei – September 1900” in *Christiaan de Wet-Annale*, 2, 1973, p. 135.

¹⁹⁰ H.M.J. Wattel, *Portugals houding in den oorlog tusschen Engeland en de Zuid-Afrikaansche Republieken*, p. 3.

¹⁹¹ Anon. (waarskynlik F.V. Engelenburg), “Wijlen kol. De Villebois”, *Buitengewone uitgave van De Volksstem*, 11.04.1900.

¹⁹² Anon. (waarskynlik F.V. Engelenburg), “Wijlen kol. De Villebois”, *Buitengewone uitgave van De Volksstem*, 11.04.1900.

¹⁹³ Anon. (waarskynlik F.V. Engelenburg), “Wijlen kol. De Villebois”, *Buitengewone uitgave van De Volksstem*, 11.04.1900.

¹⁹⁴ G.H.A.V. de Villebois-Mareuil (vertaal deur J. Rossouw en D.P.M. Botes), *Oorlogsdagboek van veggeneraal De Villebois-Mareuil*, p. 24.

Die Slag van Colenso

Kort voor die Slag van Colenso het die Boere hulle posisies teenoor die Britse soldate ingeneem. Die plan was dat die Boere sou toelaat dat die vyandelike troepe ongehinderd oor die brug tot op die noordelike Tugela-oewer beweeg en dat die Boere dan eers met die geveg sou begin. Op 1 Desember 1899 het Engelenburg die situasie soos volg beskryf:

Onze troepen liggen op ongeveer kanonschoot afstand van de vijand, die op ongeveer zes duizend man geschat wordt. Men verwacht eerstdaags hevig treffen.¹⁹⁵

Gedurende die paar dae van afwagting het die vyand die gebied voortdurend met kanonne gebombardeer. Die Boere¹⁹⁶ het nie teruggeskiet nie sodat die Britte moes aanneem dat dit 'n maklike weg sou wees om by Ladysmith te kom en dit in te neem. Die Boere se loopgrawe het die hele terrein gedek en omdat hulle kanonne die brug heeltemal onder skoot gehad het, was 'n terugtog van die Britte oor die rivier amper ondenkbaar. Die voortdurende kanonskote het die burgers ontsenu en generaal Botha moes al sy krag en vernuf gebruik om die ongeoefende burgers in hulle loopgrawe te hou.

Die oggend van 15 Desember, die dag waarop die Engelse Colenso aangeval het, het Galopaud, De Villebois-Mareuil en Engelenburg te perd vertrek en nadat hulle die spoorlyn gevolg het, het hulle hulle tussen Colenso en die Bosrantheuwel (Hlangwane) links anderkant die Tugelarivier ingegrawe, waar hulle gemeen het die fokus van generaal Buller se offensief sou wees. Die aanval op die Boere-stellings, wat wigvormig oor die vlakte versprei was, is soos verwag deur die Britse soldate uitgevoer en die Boere het die beweging netjies ontwig. Die Britte het vir die aanval met oorvloedige maar oneffektiewe grofgeskut voorberei. Die aantal kartetse wat De Villebois-Mareuil en Engelenburg sien val het voordat skrapnel rakelings tussen Galopaud se hoed en oor verbygeskiet het, was ongelooflik. Die Boere het eenvoudig skuiling tussen die koppies gesoek en in die rook van die grofgeskut is baie geld op niks verspil nie. Die Boere het die aanval met sukses afgeweer.¹⁹⁷ Engelenburg het die aanval op 15 Desember self beleef en het

¹⁹⁵ F.V. Engelenburg, "Colenso, Vrijdag", *De Volksstem – Veldtocht-Editie*, Elandslaagte, Natal, 02.12.1899.

¹⁹⁶ Ook 'burgers' genoem.

¹⁹⁷ G.H.A.V. de Villebois-Mareuil (vertaal deur J. Rossouw en D.P.M. Botes), *Oorlogsdagboek van veggeneraal De Villebois-Mareuil*, pp. 25-26.

na Pretoria gesein dat die vyand teen seweur die oggend sy aanvalslinie ontplooi en in die vlakte teenoor die Boere stelling ingeneem het. Hy het die verloop van die veldslag in *De Volksstem* beskryf.

De Franse kolonel De Villebois, die met Galopaud en myself de veldslag bijwoonden en zich kalm onder het kanonvuur bewoog, prijst de moed en niet minder het krijgsbeleid diens officieren.¹⁹⁸

C.G.S. Sandberg,¹⁹⁹ wat ook die veldslag meegemaak het, het die liddietgranate van die vyand beskryf:

En ik heb nog niets gezegd van die langzaam aankomende, als speenvarkentjes schreeuwende ‘Kafferkindertjes’, de lyddietbommen, die met geweldigen onwederslag uit elkaar barsten, roode stof, zwarte en gele rook in omgekeerden kegelvorm, hóóg opwerpend
...²⁰⁰

Sandberg het die slag van die bomme met dié van swaar onweer vergelyk wat deur mens tril met elke swaar knetterende donderslag vlak bo jou huis se dak en die ruite wat rinkel en die grond onder jou wat dreun. Hy verplaas jou dan egter na die slagveld te midde van die storm van projektile wat in die lug geslinger word, met stukke rots en die skerwe van die bom self wat onophoudelik ure aanmekaar soos ’n bliksemstrale die grond tref, nie te ver van waar jy is nie.²⁰¹

Engelenburg se “Oorlogs-indrukken” is in drie hoofartikels in *De Volksstem* geplaas, waarvan die eerste op 16 Desember 1899 verskyn het. Hy, en ook De Villebois-Mareuil, het die Boere se kalmte voor en ook ná ’n veldslag bewonder.

De Franse kolonel met wie ik van het begin tot het einde de slag te Colenso, dd. 15 Desember doormaakte, was verbaasd over de singuliere kalmte welke, gedurende maar

¹⁹⁸ F.V. Engelenburg, “Van de Editeur, Het grote gevecht. Goed nieuws. Ere onze dapperen. Colenso”, *Buitengewone uitgave van De Volksstem*, 16.12.1899.

¹⁹⁹ C.G.S. Sandberg was die militêre sekretaris en adjudant van generaal Louis Botha.

²⁰⁰ C.G.S. Sandberg, “De zesdaagsche slag aan de boven Tugela” (19 tot 24 Januari 1900) in *De Gids*, 65, April 1901, p. 95.

²⁰¹ C.G.S. Sandberg, “De zesdaagsche slag aan de boven Tugela” (19 tot 24 Januari 1900) in *De Gids*, 65, April 1901, p. 95.